**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 16 MEI 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

### AMPTENARE:

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste (wnd Munisipale Bestuurder) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. R Kearns | : | Direkteur Tegniese Dienste(wnd) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. J Rosenberg | : | Senior Tikster |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/05/2019**<br>**OPENING EN VERWELKOMING**<br><br>Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste die vergadering open met gebed.<br><br>*** | |
| **BKN002/05/2019**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4**<br><br>Munisipale Bestuurder – verlof<br>Direkteur Tegniese Dienste – verlof<br><br>*** | |
| **BKN003/05/2019**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6**<br><br>Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **BKN004/05/2019**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 30 APRIL 2019**<br>**3/3/2/2**<br><br>Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 30 April 2019 bekragtig word.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER (J ROSENBERG)*** |
| **BKN005/05/2019**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>**3/3/2/2**<br><br>Geen<br><br>*** | |
| **BKN006/05/2019**<br>**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Voorsitter doen die volgende mededeling:<br><br>Dat Mnr. W Don nog in die hospitaal is en dat dit beter met hom gaan.<br><br>**KENNIS GENEEM**<br><br>*** | |

**BKN007/05/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/05/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/05/2019**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

**A. Uitvoerende Burgemeester: Kwessies aan Direksie**

*MUNISIPALE BESTUURDER*

Die Voorsitter meld dat sekere operasionele kwessies binne Bergrivier Munisipaliteit aangespreek moet word:

1. Dat samewerking tussen direktorate/afdelings van so 'n aard moet wees dat dienslewering in die verskeie dorpe bevorder word;

2. Dat opdragte vanuit die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester nie beskou moet word asof dit opdragte van personeel is nie, maar wel van die Uitvoerende Burgemeester;

3. Dat skriftelike versoeke wat vanaf die publiek gerig aan amptenare van Bergrivier Munisipaliteit, so spoedig moontlik afgehandel word, al is dit by wyse van 'n skrywe van ontvangserkenning;

4. Dat amptenare nie politieke affiliasie misbruik binne die werksplek en sodoende ongelykhede meebring teenoor ander werknemers of lede van die publiek nie;

5. Dat gesprekke tussen die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester en senior bestuur dringend moet plaasvind om hierdie kwessies uit te lig en op te los; en

6. Dat die Voorsitter spesifieke kwessies per direktoraat sal deurgee.

**KENNIS GENEEM**

***(Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste sluit om 10:20 by die vergadering aan)***

**B. Konsep Wysiging op Organisatoriese Struktuur (organogram)**

Raadslid Wessels meld dat die konsep wysigings op die organogram aandui dat kritiese diensleweringsposte, veral in die klein dorpe, onbefonds gemaak is en meer gefokus word op die befondsing van administratiewe poste.

Hy versoek die Voorsitter dat gesprekke gefasiliteer moet word tydens die Begrotingsloodskomiteevergadering om dringend aandag aan hierdie kwessie te skenk en dat fondse voorsien moet word sodat oorweging geskenk word om besparings aan te wend om diensleweringsposte te finansier.

**KENNIS GENEEM**

**C. Onwettige bouwerk: 2 Acre: Langstraat, Piketberg**

Die Voorsitter bring 'n geval van onwettige bouwerk in Langstraat, Piketberg onder die aandag van die vergadering waar die eienaar nie die nodige goedkeuring verleen is ingevolge die Nasionale Bouregulasies nie.

Hy versoek dat die Tegniese departement dringende stappe sal neem om die oortreder aan te spreek ooreenkomstig toepaslike wetgewing. Dat ernstig oorweging geskenk word oor die afskaffing van dienste van die prokureursfirma aan Bergrivier Munisipaliteit, ooreenkomstig toepaslike wetgewing.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

*****

**BKN010/05/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste meld dat daar geen kommer/probleme is om te rapporteer met betrekking tot die watervlakke nie.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/05/2019**
**ROOIBAAI LAUNCH SITE: APPROVAL BY COUNCIL**
**17/12/7**
***(An amended recommendation was tabled at the meeting – Annexure A)***

The Director Corporate Services gave a brief background to the item under discussion and the recommendations in the amended report:

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. To obtain Council support to keep Rooibaai public launch site listed; and
2. That discussions be facilitated with the Department Public Works with regards to the abovementioned launch site.

*****

**BKN012/05/2019**
**VERSLAG: INSETTE OP BEGROTING 2019/2020**
**5/1/1**

**BESLUIT**

1. Dat die item oorstaan; en
2. Dat die finale insette met betrekking tot die finale Begroting 2019/20 na afloop van die Begrotingsloodskomitee vergadering op Donderdag 16 Mei 2019 voorgelê word vir oorweging by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en goedkeuring by die Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 28 Mei 2019.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (28/05/2019)***

***

**BKN013/05/2019**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN014/05/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN015/05/2019**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN016/05/2019**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN017/05/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN018/05/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:30*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_____________________________ ________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***